

Inhoud Ons toekoms is Christus se liefde en ons diens aan Christus as sy kerk. Christus self sal alle kragte en magte in sy voorsienigheid só bestuur dat alles sal meewerk om ons toekoms in sy liefde en diens te verseker. Daarom sien ons nie ons toekoms is die kragte en magte van die owerhede van hierdie wêreld nie. Ons soek dit ook nie in ons eie gesinne en gemeenskap nie. Meer en totaal anders as wat ons kan dink of beplan is Christus besig om ons deur alle kragte en magte na ons toekoms met hom te lei.

Skriflesing Efesiërs 3: 1 - 21

Teks Efesiërs 3: 20 “Aan Hom, wat deur sy krag wat in ons werk, die mag het om oneindig meer te doen as alles wat ons bid of dink, aan Hom kon toe die heerlijkheid in die kerk en in Christus Jesus, deur alle geslagte heen, vir ewig en ewig.”

Tema Christus se liefde en diens is ons toekoms

1. Watter toekoms het 'n gemeenskap wat nou net gevorm het en hierdie gemeenskap se eerste voorganger, Paulus, sit al klaar in die tronk?

Die gevangenskap van Paulus is vir hulle 'n teken dat hulle nie meer 'n toekoms het nie. Paulus is in die tronk verhoorafwagend vir godsdienstige onrusstokery en ondermyning van die gesag van die owerheid, en wat nou met hom gebeur is vir hulle tekenend van wat met hulle gaan gebeur.

Dit is die moedeloosheid van die eerste Christelike gemeentes in Klein Asië, vandag se Turkye. Gemeentes wat maar ongeveer 10 tot 12 jaar voor hierdie brief gevorm is deur die evangelie verkondiging van Paulus.

Hulle voel hulle het nie 'n toekoms binne die Romeinse Ryk, wat hulle vyandig is, die Jode wat die guns van die Romeinse Ryk geniet met 'n voorkeur kontrak oor hulle godsdienstbeoefening en die wrewel van die heidense gemeenskappe teen hulle, die pas gevormde christelike gemeentes nie. hulle sien hulle self nou as net nog 'n skete wat gekom het en nou weer sal weg gaan, hulle liefde as net nog 'n kultus binne al die kultusse en hulle opoffering om Christene te gewees het binne 'n heidense gemeenskap as nutteloos.

Nou kom Paulus en stel aan hulle dat dit wat hulle as hulle ondergang sien, sal tot hulle eer sal strek. (3: 13)

2. Paulus wys hulle in vers 19 wat is die oorsaak van hulle moedeloosheid oor die toekoms van die Christelike gemeenskap: dit is die beperktheid van hulle kennis van die liefde van God teenoor hulle omvattende kennis van al die groot magte en kragte waarbinne hulle leef.

Hierdie omvangryke kennis van die absolute magte van mense en menslike instellings, maar beperkte kennis van die kragtige werking van God se liefde, plaas die gelowiges onder die druk en spanning wat hulle moedeloos maak. Die botsing van hierdie twee kragte word in 3: 10 só beskryf: “Gevollik kan die ryklik

geskakeerde wysheid van God nou deur die kerk aan die owerhede en magte in die hemel bekend gemaak word.

Die werk wat Jesus Christus as Here aan God se regterhand elke dag binne die gemeentes tot uitvoering bring – is die ryke verskeidenheid van God se wysheid binne die gemeentes. Hierdie werk van Jesus Christus binne die gemeentes staan direk teenoor die absolute en goddelike mag en krag van menslike instellings – owerhede, regeerders, weermagte, polisiemagte, staats- en regeringsfilosowe en geestelike verteenwoordigers van die mag van die owerheid. Die “magte in die hemel” beskryf hierdie magsfigure se absolute mag wat hulle glo tot in die hoogste hemel strek.

3. Hierdie botsing van hierdie twee soorte kragte en magte beteken in praktyk dat die predikant deur wie hulle die evangelie van God se liefde vir sondaars gevind het en tot geloof in God gekom het, sit in die tronk en die Romeine, Jode en heidene gaan met hom maak net wat hulle wil. En met hulle het ook. Hulle het Paulus se kop met 'n swaard laat afkap omdat hy veroordeel is as onrusstoker en anargis.

Prakties beteken dit dat wat hierdie kragte en magte met Paulus gedoen het, nou ook hulle toekoms gaan wees binne die Romeinse Ryk en heidense gemeenskappe waarbinne hulle leef. Hulle het nie meer 'n toekoms nie!

Dit skep 'n geestelike krisis met 'n moedeloosheid in hul geloof in God!

- Daar is nie 'n toekoms vir ons diens aan God nie.
- Diens aan God is 'n kragteloze saak.
- Om God te dien, is 'n uitgediende saak.

Hierdie moedeloosheid in die geloof in God lê in hulle oortuiging van die krag en mag van owerhede en die magte in die hemel, godlose kragte en magte. Die toekoms lê nie in diens aan God nie, maar in die kragte en magte van die owerhede en magte in die hemel.

4. Paulus wys dat hulle oortuiging oor waar die toekoms in lê gaan oor hulle beperkte kennis van twee wyses waarop God kragtig besig is om te werk:

- Die kragtige wyse waarop God binne in hulle werk, en
- God wat in sy almag en raadsplan oneindig meer in die wêreld bewerk as wat hulle aan kan dink en daarom ook as wat hulle voor kan bid!

Dit is die totaal verrassende van die wyse waarop God besig is!

God kom nie allereers en gaan veg teen die magte, kragte en instellings waardeur mense hulle wil en drif laat geld nie. God kom nie en onderwerp mense wat God minag en alles aan hulle drif en wil onderwerp, dit daardeur misbruik, onderdruk en verniel nie. Dan sou God mos die Romeinse keiser skielik laat doodgaan het, die Romeinse mag gebreek het en Paulus en die gemeentes die leiers van die wêreld gemaak het.

Die wonder van die kragtige werking van God is dat God in sondaars se harte en gees werk.

Wat doen God in hulle harte en gees?

Hy wortel en grond hulle in sy liefde deurdat Hy met sy liefde in hulle harte woon. God maak sondaars tuis binne sy liefde, wortel en grondves hulle in sy liefde. "Wortel" beteken dat God vir ons alles is wat grond vir plante is – die tuiste waarin hulle met alles gevoed en gesterk word om te kan leef, te kan leef in sy liefde. Gegrand beteken God se liefde is die fondament waarop ons hele lewe vas, sterk en onwankelbaar staan.

5. Hierdie kragtige werking van God is die geheimenis van Christus. In en deur Christus maak God hulle deelgenote van die Dawids- en Abrahamsbelofte, laat God hulle deel in die onpeilbare rykdom van God en laat God hulle Christus se liefde leer ken.

Die liefde van Christus wat alle begrip te bowe gaan!

Dit is die liefde waarin Christus sondaars se sonde is en hulle veroordeling, straf en verwerping vir God is. Dit is die liefde waarin Christus sondaars wat nog steeds sondes doen en met verkeerde begeertes in hulle harte leef, vir God se liefde heilig en reg laat wees.

Dit is die liefde waarin Christus dit alles met jou doen, sonder dat jy dit met jou liefde en aanbidding moet verkry of deel moet hou van jou lewe. Vir hierdie liefde kan jy Christus net vertrou. Hy woon deur net jou geloof in wie Hy vir jou is met sy volle liefde in jou hart en Hy wortel en grondves jou in hierdie liefde.

Hy wortel jou beteken Hy is vir jou alles wat God se liefde is en Hy grondves jou beteken Hy maak hierdie liefde vir jou vas en seker.

Jy gebreke, tekortkominge, verkeerde neigings, foute en moedswillighede, kan jou nooit weer ontwortel uit God se liefde nie en kan sy liefde nooit weer vir jou onseker en onbestendig maak nie.

Daarom bid Paulus dat hulle juis in hul sondigheid begrip sal kry vir die breedte, lengte, hoogte en diepte van hierdie liefde van God in Christus vir sondaars.

'n Liefde waarin hulle ten spyte van alles wat hulle is en doen – 'n seker en vrymoedige toegang tot God het. (3:12)

6. Hierdie kragtige werking van God maak jou ook 'n dienaar in God se raadsplan met sy kerk in die wêreld.

Paulus bly altyd aangegryp oor hoe oneindig anders en meer God se raadsplan met sy kerk in die wêreld is, as wat Paulus self kan dink of voor kan bid. Hy gee hiervan 'n kort beskrywing in 3: 2 – 11.

God se ewige voorneme was dat alle gemeenskappe, volke en nasies deelgenote van God se belofte met Abraham sou word, deur Christus. Dit het God uitgevoer deur die Jode wat Jesus as Messias verwerp het, as 'n valse Messias aangekla het, deur hulle magspel met die Romeinse owerheid as 'n terroris laat kruisig het. God het alle magte en kragte van die Jode en heidense owerhede gebruik om Jesus die Christus en Here te maak.

Paulus noem homself hier die geringste van die heiliges. Hy verwys weer hiermee na sy vervolging van die kerk van die Here. Paulus was 'n verteenwoordiger van wat hy in vers 10 beskryf as "die owerhede en magte in die hemel." Hy het met die mag van die owerhede en magte in die hemel, die Joodse god, die kerk van Jesus Christus beveg deur gelowiges in die tronk te gooi en te laat martel en doodmaak omdat hulle in Christus glo. En nou sit hy as dienaar van die Jesus Christus in die tronk deur die mag van hierdie selfde owerhede en magte in die hemel.

Hoekom? Omdat Paulus, die vegter teen die Here se kerk, die dienaar van die Here en sy kerk geword het. Paulus het eers vir God gebid om hierdie gelowiges deur hom uit te delg en te vernietig in die Naam van God. Gebid dat God hom sal verheerlik deur hierdie Christene uit te roei en antwoord God se gebed deur hom bedienaar van hierdie evangelie en kerk te maak.

Net so moes Paulus elke keer ontdek hoe God sy kerk versamel uit die heidene deur die evangelie, anders as wat die apostels gedink het en anders as wat Paulus se planne beraam het. God het meer gedoen as wat Paulus ooit kon dink van sy eie gewone prediking van een sinagoge na die nader en van een gemeente na die ander. God het sy kerk hierdeur in die wêreld gevestig.

7. En nou voel die gemeentes omdat Paulus in die tronk sit, moedeloos oor die toekoms van die kerk van die Here en hulle toekoms in diens van die Here!

Hoe het God oneindig meer deur Paulus en vir sy kerk gedoen as wat Paulus kon dink of voor kon bid?

Dit sien ons in 'n brief 'n hele ruk voor hierdie brief, 2 Korintiërs 11: 23 – 37:

Lees!

Dit is hoe die daaglikse werksituasie van Paulus hom afgespeel het - dikwels in die tronk. (Hierdie tronk was nie Paulus se eerste tronksituasie gewees nie.) Dikwels in doodsgevaar, geslaan, deur die Jode en Romeinse owerheid gestraf, op bote wat gesink het, feitlik altyd binne gevaar van rowers, die gemeenskappe en die natuur en dikwels oorval met swaarkry, honger en dors, koud en nakend, harde werk en slapelose nagte.

En in elke situasie het God elke keer meer gedoen as wat Paulus gedink het God gaan doen en meer gedoen as wat Paulus voor gebid het. Dit beteken God het uitkomst en geleentheid beskik waarvoor Paulus nie eers gebid het nie.

Paulus het geleer dat hy 'n dienaar in God se diens is wat die hele wêreld in sy mag het en so bestuur dat Paulus sy dienswerk vir die Here kan uitvoer.

God se raadsplan en bestuur van sy dienaars is net so kragtig soos die wyse waarop God hulle deel van sy liefde maak en binne sy liefde vashou.

8. God bewerk vir sy kerk 'n liefde waarmee hulle altyd vervul is en altyd in gewortel in en op gegrondves is. In hierdie liefde gebruik die Here sy kerk om Hom in hierdie wêreld te dien en mee te verheerlik.

Die wysheid waarin God dit doen – beskryf Paulus as die ryklik geskakeerde wysheid van God! Die wysheid waarin God deur die Joodse en Romeine se godsdienstige en owerheidsmagte, magte wat hulle glo uit die hemel kom of tot in die hemel toe strek, Jesus die Christus gemaak het wat sondaars in sy liefde insluit. Waarmee hulle Christus wou vernietig het God gebruik om Jesus die Verlosser van sondaars te maak.

En met hierdie ryklik geskakeerde wysheid van God, is hyself besig om ons binne die kragte en magte van hierdie wêreld sy dienaars te laat wees. God sal alles waarmee hierdie wêreld ons wil aanval, vernietig, onderdruk, onderwerp en uit die weg wil ruim, so beskik en bestuur dat in sy wysheid ons ons diens teenoor die Here kan uitvoer. Ook in tronke, tussen gevare en deur honger en dors heen.

9. Het ons 'n toekoms?

Die belangrike van hierdie vraag is: "Wie is die ons in hierdie vraag?"

Die kerk van die Here het 'n toekoms, die gemeentes van die Here en die gelowiges het 'n toekoms!

Dit is 'n toekoms waarin die liefde van God verseker is!

Dit is 'n toekoms waarin ons binne die ryklik geskakeerde wysheid van God sy dienaars is!

Ons mag nooit binne die dreigende moedeloosheid van die gemeentes waaraan die brief Efesiërs geskryf is, vasgevang word nie. Om in die vernedering en vernieling van die mag van owerhede en die magte in die hemel ons toekoms af te lees nie!

Sien in ons vernedering in hulle magsvertoon ons eer!

10. Mag nooit in hulle mag ons toekoms sien nie! Nie die einde van ons Christenskap nie en nie die sekerheid van ons werk en lewe nie.

Baie het dit al in hierdie land gedoen!

Baie het al in ons volk hulle eie toekoms en ook die toekoms van die kerk van die Here gesien. Daarom moet jy jou skik volgens die krag en mag van die volk wat tot in die hemele gestrek het. In die volk was alle magte wat die toekoms ontsluit opgesluit.

En waar is daardie magtige volk nou? Ons is nog steeds volk, maar ontmagtig. So ontmagtig dat ons kinders en kleinkinders in ander volke, in ander lande met ander tale vir hulle self 'n toekoms moet gaan soek.

Maar was die ontmagtiging van ons volk die einde van die toekoms van die gemeentes van Christus? Het dit die ons ontwortel van die liefde van God en van die sekerheid van sy liefde beroof? Dit het nie! Kan nie ontmagtiging van ons volk sien as straf en oordeel en verstoting uit God se liefde nie, want Hy vervul ons steeds met sy liefde wat ons begrip te bowe gaan, God se liefde vir my as sondaar.

Beteken die ontmagtiging van ons volk dat die ryk geskakeerde wysheid waarmee God ons altyd in en deur alle gebeure in sy diens gebruik vir sy raadsplan en sy bedoeling met ons, nou God se verslaenheid en God se onmagtigheid het om ons vir sy raadsplan te gebruik?

Het ons ons toekoms in sy liefde en diens verloor omdat ons as volk ontmagtig is? Dit kan en sal nooit gebeur nie. God se kerk het altyd binne sy liefde en wysheid hoe om ons in hierdie wêreld te gebruik vir sy raadsplan – 'n toekoms!

12. Ons mag nie in die magte en kragte van die owerhede van hierdie wêreld ons toekoms sien of aflees nie.

Dit is wat baie predikante, pastore en priesters op die oomblik doen. Hulle sien ons toekoms en ons einde in die krag en mag van die nuwe nasie.

Hierdie kragte en magte van die owerhede sien hulle as die rede hoekom ons nie meer in Jesus Christus kan glo en Hom alleen as Here mag aanbid nie, maar dat ons Hom net as nog aan van al die gode van mense kan vereer.

Hierdie ontoring van die Here tot God wat aanbid moet word na 'n god wat vereer mag word, is omdat hulle hulle, die kerk en gemeenskap in die kragte en magte van die owerhede sien.

Hulle sien nie meer 'n toekoms vir die liefde van en diens aan die Here Jesus Christus as die enigste en enige Here en God nie. Dit is in hulle geloof in die kragte en magte van die owerhede van hierdie wêreld wat hulle ons met moedeloosheid oorspoel oor ons eie toekoms. Ons mag dit nie meer in die Here se liefde en diens vind nie, ons moet dit nou gaan soek en vind in gediensbaarheid aan die gemeenskappe van hierdie wêreld. Ons moet God en ons toekoms gaan soek in vrywillige gemeenskapdiens in die strate van plakkerskampe!

13. Moedeloos oor God se liefde en diensbaarheid aan God in sy raadsplan met ons lewe, soek mense nou ook al meer 'n toekoms in hulle eie gesinne, ouers in kinders en kinders in ouers!

Ons is en sal altyd mekaar se ondersteuning en onderskrywing wees en bly! Maar dit is heeltemal iets ander om in gesinne en families ondersteuning en onderskrywing te soek as om in mekaar 'n toekoms te probeer vind!

Ons toekoms as gelowiges is opgesluit in God se onpeilbare liefde vir ons en die ryke geskakeerde wysheid waarmee Hy ons in sy raadsplan gebruik – 'n wysheid wat in en deur die vyandskap en haat van hierdie wêreld sy bedoeling met ons uitvoer, net soos God die vyandskap en haat van die Romeine en Jode gebruik het om van Jesus Christus die Verlosser van sy kerk te maak.

Ons mag nie ons kinders en ons kinders ma ons nie belas om vir mekaar die toekoms te wees nie. Ons kan nie in mekaar ons toekoms vind nie. Ons sal mekaar net isoleer en gevange hou in ons eie klein wêreld.

Ons mag nie mekaar vasvang in ons eie moedeloosheid oor ons toekoms nie.

14. “Daarom versoek ek julle om nie moedeloos te word as gevolg van my verdrukking ter wille van julle nie. Dit sal tot julle eer strek!”

Paulus kom met hierdie onverwagte wending oor hoekom die gemeentes nie moedeloos kan wees oor sy verdrukking as predikant nie: wat hulle as rede vir moedeloosheid sien, sal tot hulle eer strek!

Paulus is nie hier besig om van homself weer 'n martelaar en held te maak nie. So asof hy nou vir hulle die inspirasie en rolmodel moet wees hoe om jou teen onderdrukking en onreg te moet verset nie.

Paulus is besig om hulle te wys hoe die onpeilbare liefde en ryklik geskakeerde wysheid van God werk! God laat niks ons van sy onpeilbare liefde skei nie, ook nie die tronke van hierdie wêreld nie. Geen tronk kan jou isoleer buite God se liefde nie. Geen tronk kan jou uitsluit en keer dat God nie sy raadsplan met jou lewe kan uitvoer nie.

Die owerhede van hierdie wêreld het ons toekoms nie in hulle mag nie. God se liefde en diens – is ons toekoms en daarin het Jesus Christus ons gewortel en gegrondves – vas en seker!

Wat tot ons eer sal strek is dat ons in en deur alles steeds in die liefde van en diens tot God sal bly leef, deur alles wat hierdie wêreld se owerhede oor ons mag bring!

Dit sal ons die moed gee en die eer in alles wat God oor ons beskik – ons leef met 'n vaste onwankelbare toekoms in die liefde en diens van God!

15. Ons is moedeloos en leef vernederd omdat ons nie in sy liefde en diens ons toekoms sien nie, maar in die magte en kragte van die owerhede!

Ons moet uit hierdie ongeloof opstaan!

Ons mag nie in hierdie ongeloof ons self uitverkoop as die nasie of ons gesinne en familie nie!

Sy liefde en diens is en bly ons toekoms. In hierdie sekerheid raak ons nie moedeloos nie en vervul ons onderdrukking ons nie met skaamte en oneer nie. Ons verdrukking en lyding in sy liefde ene diens is ons eer!

